**DONDERDAG 5 MAART**

**SKRIF- EN FOKUSGEDEELTE: GENESIS 35:1-29**

## 'n Kind van die Here moet hom aan God toewy

Baie jare gelede het Jakob belowe dat, as God hom beskerm en veilig laat terugkom, hy by Bet-El 'n heiligdom sal oprig en tiendes aan God sal gee.

Die tyd het nou aangebreek dat Jakob sy beloftes nakom. God hét hom beskerm, en hy hét veilig in die land Kanaän teruggekom. Daarom roep God hom na Bet-El met die opdrag om daar vir Hom 'n altaar te bou.

Voordat Jakob dit kan doen, moet sy mense eers gereinig word en moet daar van die ou, verkeerde dinge ontslae geraak word. So wil God dat 'n mens se uiterlike 'n aanduiding moet wees van jou innerlike godsdienstige reinheid. Jakob en sy gesin moet hulle opnuut aan God toewy.

God verskyn weer aan Jakob. Hy bevestig die naamsverandering na “Israel” en herhaal die beloftes aan Abraham feitlik woordeliks. Dit bevestig dat Jakob, die “aartsskelm” van vroeër, een van die aartsvaders geword het.

Bet-El is die simbool van hertoewyding en 'n nuwe verhouding met God. By Bet-El sou vir baie eeue 'n heiligdom staan waar die Israeliete God kon aanbid. Só het God gesorg dat Israel 'n plek van aanbidding het waar hulle hul verhouding met God kon uitlewe.

Christus het met sy bloed die pad na die hemelse heiligdom vir ons oopgemaak. Ons staan in 'n nuwe verhouding tot God. Hierdie nuwe verhouding kan ons uitlewe deur onder andere kerk toe te gaan. In die eredienste kan ons God se beloftes opnuut ontvang en ons opnuut aan Hom toewy.

*Sing: Psalm 116:7, 8*

*Ds. JL (Jannie) van der Schyff (Welkom-Noord)*